kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou…

Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

Woorddiens

Tema: Geloof, hoop en die onsekerheid van donker dae

Skriflesing: Hebreers 11:1-3 (1953)

[1] DIE geloof dan is ’n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, ’n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.
[2] Want daardeur het die mense van die ou tyd getuienis ontvang.
[3] Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie.

Broodjies vir die pad

“Don't aim at success-the more you aim at it and make it a target, the more you are going to miss it. For success, like happiness, cannot be pursued; it must ensue, and it only does so as the unintended side-effect of one's dedication to a cause greater than oneself or as the by-product of one's surrender to a person other than oneself.”
— Victor E. Frankl

“To love means loving the unlovable. To forgive means pardoning the unpardonable. Faith means believing the unbelievable. Hope means hoping when everything seems hopeless.”
— G.K. Chesterton

Die nadink oor hoop is elkeen se lewensplig

Wilhelm Jordaan

Dit is die pleitende eenvoud in die sanger Jo Black se luisterliedjie “Bring die hoop weer terug” wat so ’n sterk appèl op mense se gemoed maak – teen die agtergrond van die nimmereindigende lewensellendes.

Meermale deur die loop van ’n dag hoor ’n mens dié ellendes oor die radio en TV: “En hier volg die nuus . . .”

En wat jy hoor en sien, is oorwegend sleg, onthutsend. Dis geweld teenoor vroue en kinders, moorde, korrupsie, skandes van bekendes, helde wat val, geldnood, armoede . . .

Wat jou dwing om te vra: Is dit verstandig om hoop te hê? Of is dit net selfmisleiding; gevaarlike illusietjies?

Sulke vrae is so oud soos die mensdom self – reeds teenwoordig in die antieke Griekse mite oor die skone vrou Pandora wat, teen Zeus se opdragte, ’n kosbare fles wat aan haar toevertrou is, oopgemaak het.

Daardeur het sy alle denkbare slegte dinge op die mensdom losgelaat: liggaamlike teisterings soos koliek, jig, rumatiek, plae en kwellings van die gees soos jaloesie, boosheid en wraak. Én belasting, op die koop toe!

Pandora was verskrik. Maar net toe sy die fles se prop wou toedruk om te keer, het sy “hoop” onder in die fles gesien lê. Daarmee die vrae: Het hoop in die fles agtergebly? Indien wel, is hoop mos nutteloos. Of het dit saam met die ellendes ontsnap sodat dit nog by ons is en dat ons tog kan hoop?

Die kunstenaar Linda Hendrikz het ’n klompie jare gelede in haar kunsskool, Pavane, in Pretoria vir jong kinders gevra om Pandora-bokse te teken nadat sy aan hulle die verhaaltjie vertel het.

Die kinders moes toe ’n simbool kies wat sê: Hoop is soos . . . Party het hartjies gekies wat liefde uitdruk; een ’n battery, wat sê deur hoop word jy weer “ge-*charge*” as dit met jou sleg gaan en jou wieletjies pap raak.

Ander keuses was kruise, sterretjies, feetjies en, in Harry Potter-tradisie, ’n “onsterflike” feniks met trane wat uit die oë drup.

Daarmee het elkeen op hul eie manier – met eie belewenisse, middele en vermoëns – die onvoltooide sin voltooi.

Jo Black se singende antwoord is “ja”, en dit word gedra deur eenvoudige beelde oor die behoefte aan en teenwoordigheid van hoop:

“Hoop, wat is hoop? / Jy’s die lig in die donker gang /Jy’s die baken wat op die heuwel staan . . . / Hoop, dis ’n stem wat sê: / As jy moeg is, sal ek jou dra / Bring die hoop weer terug . . .”

En die Amerikaanse digter Emily Dickinson beaam dit diepsinniger:

“Hope is a strange invention / A Patent of the Heart / In unremitting action / Yet never wearing out / Of this electric Adjunct / Not anything is known / But its unique momentum / Embellish all we own.”

Is Dickinson reg? Kan hoop terugkeer à la Jo Black? Jóú antwoord hierop is ’n lewensplig.

** Jordaan is ’n buitengewone professor in sielkunde aan die Universiteit van Pretoria.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/die-nadink-oor-hoop-is-elkeen-se-lewensplig-20190709

"You do not need to know precisely what is happening, or exactly where it is all going. What you need is to recognize the possibilities and challenges offered by the present moment, and to embrace them with courage, faith and hope."
— Thomas Merton

"I believe in intuitions and inspirations...I sometimes FEEL that I am right. I do not KNOW that I am."
— Albert Einstein

"There is a saying in Tibetan, 'Tragedy should be utilized as a source of strength.'
No matter what sort of difficulties, how painful experience is, if we lose our hope, that's our real disaster."
— Dalai Lama XIV

"I am one of the searchers. There are, I believe, millions of us. We are not unhappy, but neither are we really content. We continue to explore life, hoping to uncover its ultimate secret. We continue to explore ourselves, hoping to understand. We like to walk along the beach, we are drawn by the ocean, taken by its power, its unceasing motion, its mystery and unspeakable beauty. We like forests and mountains, deserts and hidden rivers, and the lonely cities as well. Our sadness is as much a part of our lives as is our laughter. To share our sadness with one we love is perhaps as great a joy as we can know - unless it be to share our laughter.

We searchers are ambitious only for life itself, for everything beautiful it can provide. Most of all we love and want to be loved. We want to live in a relationship that will not impede our wandering, nor prevent our search, nor lock us in prison walls; that will take us for what little we have to give. We do not want to prove ourselves to another or compete for love.

For wanderers, dreamers, and lovers, for lonely men and women who dare to ask of life everything good and beautiful. It is for those who are too gentle to live among wolves."

— James Kavanaugh, There Are Men Too Gentle to Live Among Wolves

---

"When you find your path, you must not be afraid. You need to have sufficient courage to make mistakes.
Disappointment, defeat, and despair are the tools God uses to show us the way."
— Paulo Coelho, Brida

Brood vir die pad

In die digitale era moet misterie g'n probleem wees

RRV

Die Franse filosoof en dramaturg Gabriel Marcel (1889-1973) maak in 'n aantal van sy werke die onderskeiding tussen 'n probleem en 'n misterie. 'n Probleem, skryf Marcel, is iets waarvoor daar in beginsel 'n oplossing te vinde word.

Dit vra net die nodige tegniese kennis. In die verband kan 'n mens byvoorbeeld dink aan 'n moeilike wiskundige berekening. Met die regte kennis en vermoëns sou jy – of in die geval van baie van ons, waarskynlik iemand anders – by die regte antwoord vir die ingewikkelde som kon uitkom.

Marcel onderstreep ook die gedagte dat 'n probleem op hierdie manier verstaan eintlik iets is wat buite ons geleë is en nie regtig op die kern van ons menswees 'n appèl maak nie.

Daarom verg 'n probleem nie langer ons aandag as dit eers opgelos is nie.

'n Misterie, daarteenoor, kan nie soos 'n probleem deur die volg van sekere stappe of die gebruik van bepaalde tegnieke opgelos word nie. Ons kan nie die wese daarvan met ons kundigheid en vaardighede deurgrond of ontsluit nie.

'n Misterie ontglip en oorstyg dus al ons pogings om 'n houvas daarop te kry. Dit is eerder die geval dat 'n misterie op óns lewe beslag lê.

Marcel se oproep met hierdie onderskeid tussen 'n probleem en 'n misterie is dat daar gewaak moet word om die misteries van die lewe tot probleme te reduseer – iets wat in ons digitale era, met die groterwordende rol wat tegnologie speel, steeds 'n versoeking is.

Hiervolgens beskou ons maklik die misterie van die kwaad, of die liefde, of ons medemens, of God, as probleme wat ons deur middel van die nodige programme, toepassings of algoritmes beheer oor kan verkry.

Die onvermydelike uiteinde hiervan is nie net frustrasie en ontnugtering nie, maar ook dat ons die lewe, insluitend die geloofslewe, van sy komplekse rykdom beroof.

Een van die belangrike insigte van Marcel aangaande die verskil tussen 'n probleem en 'n misterie is dat waar 'n probleem veronderstel dat ons te min feite of inligting het om tot 'n oplossing te kan kom, 'n misterie juis 'n volheid of oorvloed impliseer wat meer inhou as wat ons kan begryp of 'n greep op kan kry. En hierdie ontmoeting met die méér van misterie – getuig baie deur die eeue heen, en vanuit verskillende tradisies – is juis wat 'n vreemde aantrekkingskrag uitoefen.

Dit gee aanleiding tot worsteling, maar ook tot verwondering. Dit beweeg mense tot stil-raak, maar ook tot hernude spreke en kreatiwiteit.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/in-die-digitale-era-moet-misterie-gn-probleem-wees-20190802

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

Mag jou pad gelyk en reguit loop,
'n bries teen jou rug, jou hart vol hoop.
Mag die son jou siel verbly,
die reën sag sif oor jou land.
En, tot ons weer ontmoet,
hou God jou in Sy hand.
— Ou Ierse seëngebed (verwerk deur Marie de Kock)

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877